NOTARIëLE SERTIFIKAAT

Ek, die ondergetekende

CHRISTIAN THOMAS BRONNER

Notaris van PRETORIA in die Provinsie Gauteng
van die Republiek van Suid-Afrika
kragtens wetlike gesag en behoorlik toegelaat en beëdig;

GETUIG EN SERTIFISEER hiermee aan almal wat dit mag aangaan, dat ek vandag die oorspronklike vergelyk het met die afskrifte hierby aangeheg synde die Akte en Statute en Oprigting van -

SHAKILA HUISEIENAARSVERENIGING (VERENIGING INGELYF KRAGTENS ARTIKEL 21)

En ek, die gesegde Notaris, sertifiseer en getuig verder dat die afskrifte ware en getroue afskrifte van die gesegde oorspronklikes is en daarmee ooreenstem in elke besonderheid.

ALDUS GEDOEN en **GETEKEN** te op hierdie
dag van 2007

_____

NOTARIS

VORM CM. 3

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA
MAATSKAPPYWET, 1973

(ARTIKEL 64)

SERTIFIKAAT VAN INLYWING VAN 'N MAATSKAPPY SONDER AANDELEKAPITAAL

Registrasienr van maatskappy

Hierby word gesertifiseer dat -

SHAKILA HUISEIENAARSVERENIGING (VERENIGING INGELYF KRAGTENS ARTIKEL 21)

vandag ingelyf kragtens die Maatskappywet, 1973 (Wet 61 van 1973), en dat die Maatskappy 'n maatskappy beperk deur garansie is en ingelyf is kragtens Artikel 21 van die Wet.

GETEKEN en geseël te PRETORIA op hede die dag van
TWEEDUISEND EN SEWE

_____

REGISTRATEUR VAN MAATSKAPPYE

Seël van die Registrasiekantoor vir Maatskappye

EINDE VAN FINANSIëLE TERMYN: 28 FEBRUARIE

VORM CM 4

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA
MAATSKAPPYWET, 1973

AKTE VAN OPRIGTING VAN 'N MAATSKAPPY SONDER AANDELEKAPITAAL

(Artikel 54(1): Regulasie 17(3)

Registrasienr van maatskappy

Plak inkomstekwitansie hier

of

Plak inkomsteseëls hier

of

Stempel inkomstefrankeermasjien hier

1. **NAAM:**

(a) Die naam van die maatskappy is:

SHAKILA HUISEIENAARSVERENIGING

(VERENIGING INGELYF KRAGTENS ARTIKEL 21)

(b) Die naam van die maatskappy in die ander amptelike taal van die Republiek is:

SHAKILA HOME OWNERS ASSOCIATION

(c) Die verkorte vorm van die naam van die maatskappy is.

GEEN

FINANSIëLE JAAREINDE : 28 FEBRUARIE

2. **DOEL VAN DIE HOOFBESIGHEID BESKRYF:**

2.1 Om Restant van Gedeelte 3 ('n Gedeelte van Gedeelte 1) van die plaas BUFFELSPOORT 421, Registrasie Afdeling K.R., Limpopo Provinsie te besit, te beheer, te administreer en te onderhou vir die gesamentlike voordeel van die lede van die maatskappy wat insluit, maar nie beperk is tot, die instandhouding/versorging van paaie, boorgate en toerusting vir water voorsienings asook om vir die gesamentlike voordeel van die lede van die maatskappy beheermaatreëls in te stel en uit te oefen met betrekking tot:

2.1.1 Bewaring van die omgewing, (insluitend met betrekking tot plantegroei en oprigting van heinings);

2.1.2 Die aanhou van diere;

2.1.3 Enige steurende optredes;

2.1.4 Sekuriteitstelsels en toegangsbeheer;

2.1.5 Die onderhoud van enige strukture en verbeterings van enige aard en van die landskap;

2.1.6 Argitektoniese, gedragsreëls en ander reëls van/vir die huiseienaarsvereniging.

2.2 Om die serwituuthouer te wees van die serwitute wat geregistreer moet word ten opsigte van interne en ingenieursdienste.

3. **AANVULLENDE DOELSTELLINGS:**

Aanvullende doelstellings wat nie ooreenkom met die hoofdoelstelling nie, word uitgesluit.

4. **BEVOEGDHEDE:**

4.1 Bevoegdhede vermeld onder (a), (b), (c), (d), (e), (h), (i), (j), (t) en (u) uiteengesit in Skedule 2 sal uitgevoer word slegs in ooreenstemming met die hoofdoelstelling van die Vereniging.

4.2 Bevoegdhede (f),(g), (k), (l), (m), (n), (o) en (r) uiteengesit in Skedule 2 moet gewysig word om te lees soos volg -

"(f) Geld mag slegs geleen word aan 'n entiteit wat 'n hoofbesigheid en hoofdoelstelling het soortgelyk aan hierdie maatskappy.

(g) Fondse beskikbaar vir belegging mag slegs belê word by geregistreerde finansiële instellings soos omskryf in Artikel 1 van die Finansiële Instelling (Belegging van Fondse) Wet van 1984 en in aandele gelys op die Gelisensieerde Aandelebeurs soos omskryf in die Wet op die Beheer van die Effekte beurs van 1985 (wet Nr 1 van 1985)."

(k) om 'n maatskappy of maatskappye met dieselfde of soortgelyke doelstellings as die maatskappy, met die doel om die onderneming of al of enige van die bates of verpligtinge van die maatskappy te verkry of met enige ander doel wat regstreeks skyn bereken te wees om die maatskappy te bevoordeel, op te rig en daarin 'n belang te hê en om aan sodanige maatskappy of maatskappye die onderneming of al of enige van die bate of verpligtinge van die maatskappy oor te dra.

(l) om met ander maatskappye met dieselfde of soortgelyke doelstellings as die maatskappy, te amalgameer.

(m) om deel te neem in die bestuur, toesig en beheer van die sake of bedrywighede van enige ander maatskappy of besigheid met dieselfde of soortgelyke doelstellings as die maatskappy en om tot vennootskappe met dieselfde of soortgelyke doelstellings as die maatskappy toe te tree.

(n) om 'n persoon of persone te vergoed in kontant, vir dienste gelewer by die oprigting of in die uitbouing van sy besigheid.

(o) om skenkings aan enigiemand anders as lede en direkteure van die maatskappy te maak.

(r) om gratifikasies en pensioene te betaal en pensioenskemas en ander aansporingskemas ten opsigte van sy beamptes en werknemers tot stand te bring."

4.3 Die spesiale bevoegdhede of deel van die bevoegdhede van die maatskappy as wat uitgesluit is van die onbeperkte bevoegdhede of van die bevoegdhede uiteengesit in Bylae 2 van die Wet, is die volgende -
Bevoegdhede (p), (q) en (s);

5. **VOORWAARDES:**

Spesiale voorwaardes wat op die maatskappy van toepassing is en die vereistes, as daar is, bykomend by die wat in die Wet voorgeskryf word, vir hulle wysiging:

5.1 Artikel 21(2)(a) en (b) van die Wet is van toepassing op die maatskappy en lees as volg:

"(a) Die inkomste en eiendom van die vereniging, uit welke bron ookal verkry, word uitsluitend aangewend vir die bevordering van sy hoofdoelstelling, en geen gedeelte daarvan mag regstreeks of onregstreeks, bywyse van dividende, bonus of andersins hoe dan ook, aan die lede van die vereniging of aan sy houermaatskappy of filiaal betaal of oorgemaak word nie: Met dien verstande dat niks wat hierin bepaal is, die betaling te goeder trou belet van redelike besoldiging aan 'n beampte of diensnemer van die vereniging of aan 'n lid daarvan vir dienste werklik aan die vereniging gelewer nie.

(b) By sy likwidasie, deregistrasie of ontbinding word die bate van die vereniging wat oorbly na voldoening aan al sy verpligtinge, gegee of oorgemaak aan 'n ander vereniging of inrigting of verenigings of inrigtings wat doelstellings het wat soortgelyk is aan sy hoofdoelstellings, en wat deur die lede van die vereniging by of voor sy ontbinding of, as hulle versuim om dit te doen, deur die Hof, aangewys word".

6. **KONTRAKTE WAT INLYWING VOORAFGAAN (AS DAAR IS):**

GEEN

7. **GARANSIE:**

(a) Die aanspreeklikheid van die lede is beperk tot die bedrag in subparagraaf (b) bedoel.

(b) Elke lid onderneem om, ingeval die maatskappy gelikwideer word terwyl hy lid is of binne een jaar daarna die bedrag wat nodig mag wees tot by 'n vasgestelde bedrag van nie minder as een rand nie, by te dra tot die bate van die maatskappy vir die vereffening van die skulde en laste van die maatskappy aangegaan voor hy ophou om lid te wees, en van die koste en uitgawe van likwidasie en vir die reëling van die regte van kontribuante onderling.

OPRIGTINGSKLOUSULE

Ons die verskeie persone wie se volle name, woon- besigheids- en posadresse hieronder vermeld staan, wens om 'n Maatskappy gekonstitueer te word ingevolge dié akte van oprigting en ons stem elkeen toe om lede van die maatskappy te word.

BESONDERHEDE VAN ONDERTEKENAAR	DATUM EN HAND-TEKENING VAN ONDER-TEKENAAR	BESONDERHEDE VAN GETUIE	DATUM EN HAND-TEKENING VAN GETUIE
1. **NAAM:** Theunis Johannes Kruger **(**Senior) 490313 5034 08 1 **BEROEP:** Sakeman **WOONADRES:** Zyndrandt De Nyl Zyn Oog Modimolle, 0510 **BESIGHEIDSADRES:** Zyndrandt De Nyl Zyn Oog Modimolle, 0510 **POSADRES:** Posbus 4042 Modimolle, 0510	q.q.	**NAAM:** GWENDOLINE CLOETE **BEROEP:** Sekretaresse **WOONADRES:** Paulshof 3 Moffatstraat 24 BELA BELA 0480 **BESIGHEIDSADRES:** Overvaal Gebou Lunaweg 43 BELA BELA 0480 **POSADRES:** Posbus 98 BELA BELA 0480	
2. **NAAM:** Carol Kruger 491221 0105 08 8 **BEROEP:** Lid van SANW **WOONADRES:** Zyndrandt De Nyl Zyn Oog Modimolle, 0510 **BESIGHEIDSADRES:** Bank of Lisbon H/v Visagie & Paul Kruger Pretoria **POSADRES:** Posbus 4042 Modimolle, 0510	q.q.	**NAAM:** GWENDOLINE CLOETE **BEROEP:** Sekretaresse **WOONADRES:** Paulshof 3 Moffatstraat 24 BELA BELA 0480 **BESIGHEIDSADRES:** Overvaal Gebou Lunaweg 43 BELA BELA 0480 **POSADRES:** Posbus 98 BELA BELA 0480	

BESONDERHEDE VAN ONDERTEKENAAR	DATUM EN HAND-TEKENING VAN ONDER-TEKENAAR	BESONDERHEDE VAN GETUIE	DATUM EN HAND-TEKENING VAN GETUIE
3. **NAAM:** Theunis Adriaan Hanekom 530208 5002 082 **BEROEP:** Senior Bestuurder: Ouditeur Generaal **WOONADRES:** Blydelaan 194, Sinoville Pretoria 0182 **BESIGHEIDSADRES:** 300 Middelstraat, New Muckleneuk, 0181 **POSADRES:** Posbus 466 Pretoria 0001	q.q.	**NAAM:** GWENDOLINE CLOETE **BEROEP:** Sekretaresse **WOONADRES:** Paulshof 3 Moffatstraat 24 BELA BELA 0480 **BESIGHEIDSADRES:** Overvaal Gebou Lunaweg 43 BELA BELA 0480 **POSADRES:** Posbus 98 BELA BELA 0480	
4. **NAAM:** Martha Maria Hanekom 480114 0042 083 **BEROEP:** Universiteit van Pretoria **WOONADRES:** Blydelaan 194, Sinoville Pretoria 0182 **BESIGHEIDSADRES:** Departement Sosiologie, Universiteit van Pretoria Hatfield, Pretoria, 0001 **POSADRES:** Blydelaan 194, Sinoville Pretoria 0182	q.q.	**NAAM:** GWENDOLINE CLOETE **BEROEP:** Sekretaresse **WOONADRES:** Paulshof 3 Moffatstraat 24 BELA BELA 0480 **BESIGHEIDSADRES:** Overvaal Gebou Lunaweg 43 BELA BELA 0480 **POSADRES:** Posbus 98 BELA BELA 0480	

BESONDERHEDE VAN ONDERTEKENAAR	DATUM EN HAND-TEKENING VAN ONDER-TEKENAAR	BESONDERHEDE VAN GETUIE	DATUM EN HAND-TEKENING VAN GETUIE
5. **NAAM:** Stefina Laurina Pretorius 520930 0012 087 **BEROEP:** Administrasie Beheer Beampte **WOONADRES:** Plaas Rhenosterpoort Modimolle 0510 **BESIGHEIDSADRES:** Magistraat Kantoor Moffatstraat BELA-BELA 0480 **POSADRES:** Posbus 278 Modimolle 0510	q.q.	**NAAM:** GWENDOLINE CLOETE **BEROEP:** Sekretaresse **WOONADRES:** Paulshof 3 Moffatstraat 24 BELA BELA 0480 **BESIGHEIDSADRES:** Overvaal Gebou Lunaweg 43 BELA BELA 0480 **POSADRES:** Posbus 98 BELA BELA 0480	
6. **NAAM:** Jacobus Nicolaas Pretorius 510730 5077 081 **BEROEP:** Besigheidsman **WOONADRES:** Plaas Rhenosterpoort Modimolle 0510 **BESIGHEIDSADRES:** Plaas Rhenosterpoort Modimolle 0510 **POSADRES:** Posbus 278 Modimolle 0510	q.q.	**NAAM:** GWENDOLINE CLOETE **BEROEP:** Sekretaresse **WOONADRES:** Paulshof 3 Moffatstraat 24 BELA BELA 0480 **BESIGHEIDSADRES:** Overvaal Gebou Lunaweg 43 BELA BELA 0480 **POSADRES:** Posbus 98 BELA BELA 0480	

BESONDERHEDE VAN ONDERTEKENAAR	DATUM EN HAND-TEKENING VAN ONDER-TEKENAAR	BESONDERHEDE VAN GETUIE	DATUM EN HAND-TEKENING VAN GETUIE
7. **NAAM:** Elmarie van der Weshuizen 680824 0112 086 **BEROEP:** Sekretaresse **WOONADRES:** Olienhoutpark 9 Soetdoringlaan BELA BELA 0480 **BESIGHEIDSADRES:** Lunaweg 43 BELA BELA 0480 **POSADRES:** Posbus 754 BELA BELA 0480	q.q.	**NAAM:** GWENDOLINE CLOETE **BEROEP:** Sekretaresse **WOONADRES:** Paulshof 3 Moffatstraat 24 BELA BELA 0480 **BESIGHEIDSADRES:** Overvaal Gebou Lunaweg 43 BELA BELA 0480 **POSADRES:** Posbus 98 BELA BELA 0480	